SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 31 OCTOBER 2021

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

DIE RADAR UITDAGING OP 6 NOVEMBER

DIE SUID-AFRIKAANSE MEGA GG QRS WEEK BEGIN OP 14 NOVEMBER

en

DIE NOVEMBER 2021 RADIO ZS

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

Die RAE-span en die Raad wens al die suksesvolle kandidate van die Oktober RAE geluk. Welgedaan en welkom op die lug!

DIE RADAR UITDAGING OP 6 NOVEMBER

Die derde RaDAR-uitdaging vir die jaar strek vanaf 00:00 UTC tot 23:59 UTC op Saterdag 6 November 2021. Die RaDAR-operateurs definieer hul eie bedryfs skedule van 'n maksimum, enkel periode van vier uur werking. Die RaDAR uitdaging word nie as 'n kompetisie beskou nie, maar 'n individuele uitdaging met 'n lae QSO-telling, dus is aktiwiteit op alle bande met GG, ESB, FM of enige wettige amateur radio digitale modus gebruik, insluitend kruis band kontakte via amateur radio satelliete. Deelnemers word aangemoedig om pret te hê. Vind al die reëls op bladsy 101 van die 2021 Blou Boek.

TERUGVOER VAN DIE IARU STREEK 1 KONFERENSIE EN WERKSWINKEL

Die ' Vorming van die Toekoms"-werkswinkel het op Saterdag 23 Oktober ten einde geloop met die afgevaardigdes wat na die Kern Waardes van amateur radio gekyk het en daarna die Kern Doelwit geformuleer het en die Oorkoepelende Doelwit bepaal het. Hieruit is agt Strategiese Doelwitte geformuleer. Die Streek 1 UK en Lidverenigings sal nou voortgaan om met die agt strategiese doelwitte te werk. Lees meer op bladsy 9 van die November 2021 Radio ZS.

Die sluitings vergadering van die konferensie is vanaf 15:00 SAT op Sondag 24 Oktober gehou. Nico, ZS6QL het die verslag van Komitee 2 (begroting) aan die

afgevaardigdes voor gelê, waarna Don, G3BJ 'n opsomming van die werk wat tydens die werkswinkel gedoen is, aangebied. Die 2023 Streek 1 Algemene Konferensie sal in Novi Sad in Serwië gehou word. Die nuwe Uitvoerende Komitee is verkies met Sylvain Azarian, F4GKR President, Hani Raad, OD5TE Vise-President, Mats Espling, SM6EAN Sekretaris, Andreas Thiemann, HB9JOE Tesourier en UK lede Ahmad Alholi, 9K2DB; Joerg Jaehrig, DJ3HW; Alessandro Carletti, IV3KKW; Lisa Leenders PA2LS en Oliver Tabakovski, Z32TO.

Die G2BVN Gedenk trofee word toegeken aan 'n radio amateur wat die werk en toewyding van Roy Stevens, G2BVN in internasionale amateur radio die beste illustreer het. Dennis, ZS4BS was die voorsitter van die paneel en het aangekondig dat die ontvangers van die toekenning Ole Garpestad, LA2RR en Hans Blondeel Timmerman, PB2T is.

DIE SUID-AFRIKAANSE MEGA GG QRS WEEK BEGIN OP 14 NOVEMBER

Hierdie week, wat strek vanaf 04:00 UTC (06:00 SAT) op Sondag 14 November tot 16:00 UTC (18:00 SAT) op Saterdag 20 November, is uitsluitlik gerig op die nuwe ouens wat in die geledere opkom en sal gemaklik wees, met 'n minimum vereiste van 8 wpm en nie meer as 12 wpm nie. Die idee is om soveel kontakte te maak as wat jy kan binne 'n 7 dae kalenderperiode, die doel is om alle kontakte aan te teken op die RaDAR Sport Log, met trots ontwikkel deur Eddie, ZS6BNE www.radarops.co.za/zsportal. Jy sal 'n aanmeld-PIN nodig hê, wat Eddie graag vir jou sal stuur om deel te neem.

GG moet met enige roeispaan of enige reguit sleutel gestuur word, niks meer as 12 wpm karakterspoed of stadiger nie, om te kwalifiseer om deel te neem. Jy sal in die kommentaar-kolom op die aanlynstelsel moet verklaar watter soort sleutel jy gebruik het. Die RaDAR stelsel genereer self die punte. Moedig jou vriende aan om van die aanlynstelsel gebruik te maak.

Bande wat tydens die aktiwiteit toegelaat word is 40, 20 en 80 m. Jy mag nie dieselfde roepsein meer as EEN keer op elke band werk nie. Elke dag begin jy weer oor, dan kan jy dieselfde amateurs werk wat jy die vorige dag gewerk het. Die uitruiling sal die standaard GG formele uitruiling wees, solank dit 'n regte kontak is, kan jou kontak ook na 'n volwaardige QSO beweeg as jy wil.

DIE WSJT-X-ONTWIKKELINGSPAN KONDIG DIE BESKIKBAARHEID VAN WSJT-X WEERGAWE 2.5.1 AAN

Hierdie vrystelling bevat hoofsaaklik verbeterings en herstel foute wat verband hou met Q65 en JT65 wanneer dit met nie standaard en saam gestelde roepseine gebruik word. Diegene wat beplan om Q65 of JT65 te gebruik om swak seinkontakte te maak wat 'n nie standaard roepsein behels, moet na hierdie weergawe opgradeer. Ook ingesluit is 'n nuwe kenmerk vir mikrogolf vliegtuie-strooi, sowel as herstelwerk vir foute wat opgespoor is sedert die algemene beskikbaarheid vrystelling van weergawe 2.5.0. 'n Volledige lys van veranderinge is beskikbaar in die Vrystellings-notas. Skakels na WSJT-X 2.5.1-installasie

pakkette vir Windows, Linux en Mac is beskikbaar.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE NOVEMBER 2021 RADIO ZS

Die November 2021 Radio ZS is beskikbaar vir aflaai vanaf die Liga webwerf. In hierdie uitgawe van 88 bladsye kan jy lees oor die Streek 1 Vorming van die Toekoms werkswinkel en Konferensie, die 2022 SARL Nasionale Konvensie en die storie van UoSAT-1. Ons kyk na die bevordering van amateur radio in jou Klub gebied en Louis, ZS6BD wys sy draagbare QO-100 stasie. Die horlosie word terug gedraai na 1984 vir 'n paar kompetisie wenke en ons besoek die Slangkop-Vuurtoring. Daar is twee artikels oor nood kommunikasie, 'n blik op Little Pistol Lae-Band Antennas en meer.

DIE RUSSIES-OEKRAÏNSE "RADIO-OORLOG" OP EN OM 7 055 KHZ GAAN VOORT

Dit was die woord van die Internasionale Amateur Radio-unie Streek 1 Monitering stelsel (IARUMS). IARUMS Streek 1-koördineerder Peter Jost, HB9CET, berig in die IARUMS September-nuusbrief dat die op-die-lug-konflik "ons vir 'n baie lang tyd in 'n ondraaglike mate pla en steeds voort duur." Vroeër vanjaar het IARUMS berig dat die Russies-Oekraïnse radio-oorlog eskaleer het. "In Junie het hulle meer frekwensies as voorheen gebruik, wat ons bande baie hard geraak het." Jost vertel. "Dit is 'n groot irritasie en 'n groot skande." Jost het daarop gewys dat die IARU-monitering stelsel min geleentheid het om die konflik in die lug te stop. "Slegs nasionale owerhede kan hopelik iets teen internasionale klagtes doen," het hy gesê. "Dit is baie belangrik en baie nuttig dat baie ander [IARU]-Lidverenigings ook hierdie frekwensies waar neem en klagtes by hul reguleerders indien." Die langdurige konflik het ook 7 050 en 7 060 kHz geraak.

KLUB NUUS

Op Sondag 7 November 2021 sal die Kemptonpark Amateur Radio Tegniese Vereniging ZS6KTS bedryf en 'n uitstalling van amateur radio toerusting by die Lugvaartmuseum hê, wat ook die gasheer is, langs die Randse Lughawe in Germiston. Die geleentheid duur van 10:00 tot 14:00 SAT en toegang is R40 vir 'n volwassene en R25 vir kinders 3 tot 17 jaar oud. Om daar te kom, draai by die verkeersligte by SASOL op die hoek van Russelweg en Cachetweg in Lambton en ry weswaarts na die groot vliegtuig se sterte wat sigbaar is. Parkeer naby gebou.

Die Mooirivier Amateurradioklub in Potchefstroom het hul Algemene Jaarvergadering op 23 Oktober 2021 gehou en die volgende span is verkies

Voorsitter: Johan Bamberger, ZS6ZAC

Ondervoorsitter: Wynand Byleveldt, ZS6WMB

Sekretaris: Marius Koch ZS6MK

Tesourier: Erica Byleveldt, ZS6ETB

KOMPETISIE NUUS

Drie logstate is ontvang vir die ADV AM QSO Partytjie wat op 2 Oktober 2021 gehou is. Twaalf stasies was aktief.

1ste Johan van Zijl, ZS4DZ

2de Jerry van Zijl, ZS2TL

3de Stewart Clark, ZR6WT

Vyf logstate is ontvang vir die AWA ESB QSO Partytjie wat op 3 Oktober 2021 gehou is. Sewe-en-tagtig stasies was aktief.

1ste Christo Avenant, ZS6CPA

2de Johan van Zijl, ZS4DZ

3de Jerry van Zijl, ZS2TL

Baie geluk aan die top punte makers.

Elf logstate is ontvang vir die 80 meter QSO-partytjie wat op 9 Oktober gehou is.

1ste Gerhard Coetzee ZS3TG 160 punte

2de Jadranko Davidonic ZS6DJA 140 punte

3de Romeo Nardini ZS6ARQ 140 punte

'n Luisteraar, Phillip Fischer het 'n logstaat ingedien met 170 punte. Welgedaan Phillip en dankie vir jou logstaat.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Tans is daar 'n hele aantal sonvlek groepe sigbaar en daar is 'n moontlikheid van M of X-klas sonfakkels.

Diegene wat hulle eie frekwensie voorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 56 vir die week gebruik. Radio amateurs kan veral laat middag goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag tot middernag UTC – die CQ WW DX ESB kompetisie

4 en 5 November – die Taurids-meteoorbuie

6 November – die RaDAR Uitdaging en die Durban ARK byeenkoms

8 November – die Wes-Randse ARK vergadering

11 November – Wapenstilstandsdag

11 tot 14 November – die ZS18MOTH spesiale roepsein aktief

13 en 14 November – die SARL BHF/UHF Analoog-kompetisie en die WAE RTD kompetisie

14 tot 20 November – die Suid-Afrikaanse GG Mega QRS-week

16 November – die PEARS en Grens ARK vergaderings

17 November – die SARL 80 m Klub Naelloop

17 en 18 November – die Leonide-meteorietreën

20 November – die SARL Newbie-kompetisie en die Magalies en Highway ARK byeenkomste

27 November – die CQ WW DX GG kompetisie, die KSARS-byeenkoms en die Wesrand Snuffelmark

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die derde RaDAR-uitdaging vir die jaar strek vanaf 00:00 UTC tot 23:59 UTC op Saterdag 6 November 2021. Die RaDAR-uitdaging word nie as 'n kompetisie beskou nie, maar 'n individuele uitdaging met 'n lae QSO-telling, dus is aktiwiteite op alle bande met GG, ESB, FM of enige wettige amateur radio digitale modus insluitend kruisband kontakte via amateur radio satelliete.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Andy Cairns, ZS6ADY, geproeflees deur Vivian Dold, ZS6VD en gelees deur .....

Van die Nuusspan, die beste wense vir die week vorentoe.